

22 November

Skrifgedeelte: Rigters 16:23-31  
Fokusgedeelte: NGB, Art 29

### Kenmerke van die ware lidmaat – stry teen swakheid

Hoe kan een mens terselfdertyd só sterk en só swak wees? 'n Held wat 'n duisend swaarbewapende soldate verslaan (Rigt 14:15) word deeg in die arms van 'n mooi meisie. Hy bied geen weerstand nie. Hy dink nie aan God of wat God van hom verwag nie. Hy verloor alle beginsels en waardes. Sy lei hom soos 'n skaap na sy vyande toe. Simson, Simson, wat maak jy?

Maar wat met Simson gebeur, gebeur inderdaad met elke mens. Mense is swak. Selfs mense in die fleur van hulle geestelike krag struikel en val (Jes 40:30), en dié wat dink hulle staan moet lewenslank waak dat hulle nie val nie (1 Kor 10:12). Hoe stry 'n mens teen iets wat so deel van jou is soos swakheid? Hoe stry 'n mens as jy (soos Simson) klaar swak is en die lewe vir jou 'n donker tronk geword het waarin jy uitsigloos in die rondte maal?

Die NGB sê ware gelowiges stry met God se Gees teen swakheid deur “altyd weer hulle toevlug te neem tot die bloed, die dood, die lyding en die gehoorsaamheid van die Here Jesus Christus ...” Sonder dat hy dit weet is dit presies wat Simson doen. Hy stry teen swakheid deur God se genade te vra. En hy KRY genade! Simson kry genade omdat Christus ook sy swakheid aan die kruis gedra het.

Begin juis daarom elke dag van jou lewe met Simson se gebed (vers 28): “Here my God, dink tog aan my! Maak my tog net hierdie een keer sterk, o God!” Só kan jy selfs in jou swakheid baie sterk en diensbaar vir God bly (2 Kor 12:10).

*Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)*